Een leven als tekst: die lewensbeskrywing/fiksionele biografie van inheemse leiersfigure in onlangse tekste

Op die Nederlandse boekrak het onlangs ’n aantal boeke verskyn wat die lewensgeskiedenisse van leiersfigure onder die inheemse bevolking in Suidelike Afrika verken. Hierdie werke deur Conny Braam oor die Nama kaptein Hendrik Witbooi en Bart de Graaff oor die Griekwa kaptein Barend Barends is in Afrikaans vertaal en wyd geprys vir die insig wat dit bied in dié figure en hul tyd asook vir die lofwaardige opdiep van onvertelde stories. Die vertalings is eweneens lof toegeswaai.

In hierdie referaat ondersoek ek die wyse waarop die lewensverhale gefiksionaliseer en gerepresenteer word. Die vertelstrategieë wat benut word om ’n beeld van die onderskeie figure te teken, word bekyk asook hoe die tekste met bestaande geskiedenisbronne vergelyk. Hedendaagse debatte binne lewensbeskrywing en historiese restitusie word aangeraak in die beoordeling van die tekste.